# MASSIEWE BOUWERK VAN GRANIET BINNE RINGMUUR MET WAENS

## Komitee-besluit oor Vorm Van Voortrek-monument

## PLEK NOG NIE BESLIS NIE

## Mnr. G. Moerdyk Eenparig Gevra Om as Argitek Op te Tree



Adv. E. G. JANSEN

**'n Massiewe bouwerk van wit graniet wat iets van die Zimbabwe-boustyl sal vertoon met die figuur van 'n Voortrekkervrou aan die voet daarvan en daarom 'n muur wat 'n laer sal voorstel en waarop Voortrekkerwaens uitgebeeld sal word, is, in breë trekke, die vorm wat die groot Voortrekkermonument gaan aanneem.**

### BOUKOMMISSIE BENOEM

Volgens 'n verklaring wat vanoggend aan Die Vaderland uitgereik is deur adv. E. G. Jansen en mnr. J. J. Scheepers, voorsitter en sekretaris van die Sentrale Voortrekker-monumentkomitee onderskeidelik, het die komitee eenparig besluit om mnr. G. Moerdyk te vra om as argitek op te tree en reeds 'n boukommissie benoem.

### GEWYDE ATMOSFEER

**Binne die bouwerk in die laer sal 'n gewyde atmosfeer geskep en voorsiening vir historiese panele gemaak word. Binne die laer sal plek vir enige duisende mense wees waar hulle vanaf die voet van die monument sal kan toegespreek word.**

### NOG NIE BESLUIT OOR PLEK

Die plan is om in Oktober 'n konferensie met verteenwoordigers van die verskillende Provinsiale Komitees te hou om te besluit oor die plek waar die monument opgerig sal word. Eers daarna sal die volle besonderhede van die monument uitgewerk kan word.

Die verklaring lui:

„Dit is met leedwese dat ons ongemagtigde en foutiewe berigte in sekere koerante gesien het oor die vergadering van die Sentrale Voortrekker-monumentkomitee wat op 7 deser in Kaapstad gehou is. Om verwarrende en foutiewe berigte te voorkom, was dit bes geag dat 'n amptelike verklaring deur die voorsitter en die sekretaris opgestel en aan die pers oorhandig sou word.

Op 'n vergadering gehou in Januarie 1936, is 'n onder-komitee benoem om ondersoek te doen na en verslag uit te bring oor die vorm wat die monument moet aanneem. Die onderkomitee het bestaan uit drie lede uit die Noorde en drie lede uit die Suide. Deur middel van die pers en andersins is bekend gemaak dat die onderkomitee graag planne en wenke van die publiek sou wil ontvang, en deur die Departement van Buitelandse Sake is ons Ministers in die buiteland gevra om inligting in te win oor nasionale monumente in ander lande. Hierdie inligting, planne, wenke en sketse wat van die buiteland, die publiek en kunstenaars ingekom het, is almal deur die onder-komitee noukeurig oorweeg, en dié was van oordeel dat 'n poging aangewend moes word om die idees in twee van die ontwerpe vervat, waarvan die een uit die Noorde en die een uit die Suide afkomstig was, saam te smelt.

Mnr. Moerdyk, die welbekende argitek van Pretoria, en ontwerper van die een skets, is deur die sub-komitee genader, en hy het verklaar dat die twee ontwerpe wel in een saamgevat kon word. Die sub-komitee het toe eenparig besluit om aan te beveel dat die twee ontwerpe die grondslag van die voorgestelde monument moet vorm, en dat mnr. Moerdyk gevra moet word om as argitek op te tree. Hierdie aanbeveling is deur die S.V.K. op sy jongste vergadering eenparig aangeneem, en 'n bou-kommissie is benoem.

**Die besonderhede van die ontwerp vir die monument is nog nie uitgewerk nie, maar die idee is 'n massiewe bouwerk van wit graniet, wat iets van die Zimbabweboustyl sal vertoon, en waarbinne 'n gewyde atmosfeer geskep sal word, en wat ook ruimte vir historiese panele sal insluit. Aan die voet van hierdie bouwerk sal die figuur staan van 'n Voortrekkervrou. Die bouwerk sal aan die hoof van en binne in 'n muur staan wat 'n laer voorstel en waarop Voortrekkerwaens uitgebeeld sal word. Binne die laer sal plek wees vir enige duisende mense om te vergader, waar hulle vanaf die voet van die monument sal kan toegespreek word. Die volle besonderhede kan natuurlik eers uitgewerk word wanneer die plek waar die monument opgerig moet word, gekies is.**

'n Kommissie is reeds in Januarie ll. benoem om op die keuse van die plek in te gaan en verslag daaroor te doen. Die plan is om in Oktober 'n konferensie met verteenwoordigers



Mnr. G. MOERDYK

van die Provinsiale Komitees daaroor te hou. Intussen sal aangegaan word met die voorbereidende werk, die panele, en ander besonderhede.

**Die Monument sal van eg Suid-Afrikaanse aard wees, en om te sê, soos in sommige ongemagtigde koerantberigte gedoen is, dat dit 'n Griekse of enige ander soort monument sal wees, is heeltemal verkeerd.**

Een van die aantreklikhede van die bedoelde ontwerp is dat geleentheid aan verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars kan gegee word om by te dra, en in verband met die historiese beeldhouwerk is die naam van Anton van Wouw reeds genoem.

Sodra die planne finaal goedgekeur is, sal volle besonderhede gepubliseer word.

Die gedagte is uitgespreek dat, as die planne vir die monument behoorlik uitgevoer moet word, dit onwaarskynlik is dat die onthulling daarvan as geheel in 1938 kan plaasvind. Oor hierdie saak en oor die viering van die Eeufees het die S.V.K. geen besluit geneem nie.

(Get.) E. G. JANSEN,
(Voorsitter, S.V.K.)
(Get.) J. J. SCHEEPERS,
(Sekretaris).